

Bemoediging in vervolging (1)	Die dag van die Here (2)	Vermaning in die kerk (3)
Paulus skryf die brief uit Korintiërs ongeveer 51 nC		

Dag	Lees
Ma	Joël 1:15-2:11, Joël 2:28-32
Di	Sag 14:1-8
Wo	Sef 1:14-15, Sef 3:9-20
Do	II Tes 1
Vry	II Tes 2
Sat	II Tes 3
Son	Op 19:11-21

Mag die Here julle gedagtes rig op die liefde van God en die volharding van Christus! (2 Tes 3:5)

Sedert die skryf van die eerste brief het iemand die Christene in Tessalonika bekommerd gemaak oor “die dag van die Here”. Hulle het waarskynlik die dag met beproewing, oordeel en verwoesting in verband gebring soos wat seker gedeeltes in die Ou Testament dit wel uitbeeld. Lees maar net Joël 1:15-2:11; Obadja 1:15,16 en Sagaria 14:1-8, Sefanja 1:14-15).

Die mense van Tessalonika wou van Paulus weet of die smartvolle dae van groot verdrukking hulle sou tref.

Paulus wys hulle daarop dat seker dinge eers moet gebeur voor God se oordeel vervul sal word. Daar sal eers ‘n versaking van die ware godsdiens wees en die wettelose mens sal sy verskyning maak (2 Tim 2:3). Die een wat die wettelose teëhou moet eers uit die weg wees (2 Tim 2:6-7). Ons sien dit ook in Openbaring (Op 19:11-21).

In die tweede plek vermaan Paulus die gelowiges om waaksaam en standvastig te wees sodat hulle enige krisis die hoof kan bied (2 Tes 2:15 hy dit ook genoem in 1 Tess 5:4-8).

Derdens wys Paulus hulle daarop dat God in beheer is van alles. Hy is besig om sy raadsplan uit te voer en sy kinders word veilig in sy hand gehou (2 Tes 2:13-14 lees ook 2 Tes 1:11-12). Hy het dit ook uitgewys in sy eerste brief (1 Tess 5:9-10, 23-24).

In die vierde plek, stel Paulus hulle gerus dat die wederkoms nie net met oordeel gepaard sal gaan nie, maar ook met seën. Die Ou Testamentiese profete het ook hiervan voorspel (Joël 2:28-32; Miga 4:1-5; Sefanja 3:9-20, Mal 4:2-3). Paulus bevestig dat hulle by die Here sal wees en sal deel in sy oorwinning oor sy vyande. Skynbaar het sommige Christene so onder die indruk van “die dag van die Here” gekom dat hulle opgehou het om te werk en net gewag het op die wederkoms. Paulus vermaan hulle ernstig tot waaksaamheid en eerlike arbeid.

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

Die dag van die Here. (II Tesseloniese).

Hoe julle geloof en volharding nou lyk,
onder al die vervolging wat julle moet verduur,
is alles 'n bewys van God se oordeelsuur,
Ja, Hy het julle geskik geag het vir sy koninkryk. (II Tes 1:4-5)

Nee, die dag van die Here is nog nie hier:
Die wettelose mens moet eers verskyn.
Hy is bestem vir die verderf en pyn,
maar hy sal voorgee hy is van God gestuur. (II Tes 2:1-4)

Maar wanneer die Here Jesus kom,
verdelg Hy hom met 'n asemteug.
Net sy glans sal hom wegveeg! (II Tes 2:8)
Elke mond sal dan verstom. (Hand 13:41)

Die wettelose mens: 'n magsvertoon. (II Tes 2:9)
Hy mislei die ongelowiges daarmee. (II Tes 2:10)
God het hulle aan die dwaling oorgegee, (II Tes 2:11)
Sy oordeel is daarom hulle loon. (II Tes 2:12)

Die Here se liefde werk nou so:
Julle uitverkiesing is die groot wonder,
julle is deur die Gees vir Hom afgesonder
deurdat julle die waarheid glo. (II Tes 2:13)